

DIE DEELTYDSE M.B.A.-KLAGROEP VAN 1964/65



DIE GROOT 50 WINK

Die USB herdenk sy 50ste bestaansjaar in 2014 en vra insette van alumni om 'n volledige prentjie van die bestuurskool se geskiedenis te help skep.


Die USB het in 1964 sy deure oopgemaak met 'n klasgroep van 13 deeltydse MBA-studente. Teen die einde van 2012, byna 50 jaar later, is daar 1 153 geregistreerde studente – waarvan 757 MBA-studente is. Daarby spog die USB met internasionale akkreditasies van AACSB, EQUIS en AMBA.

“In sy 50ste bestaansjaar bevind die USB hom as't ware op die drumpel tussen gister en môre,” sê prof John Powell, direkteur van die USB.

Die USB wil al sy belangegroep betrek in hierdie spesiale tydperk om die geskiedenis van die bestuurskool te laat voortleef. Dit sluit in studente, personeel, alumni en vriende uit die private en openbare sektor.

“Dit is 'n groot mylpaal vir die bestuurskool,” sê Marietjie Wepener, adjunkdirekteur: Sakeontwikkeling, Bemaking en Kommunikasie. “Ons gaan alumni en personeel binnekort vra om hul tyd by die bestuurskool in herinnering te roep en vir ons foto's en inligting oor gebeure in die klaskamer (en daarbuite), asook staaltjies te stuur. Die USB wil veral sy sowat 16 000 alumni oor die hele wêreld betrokke kry by hierdie mylpaal, want hulle is 'n baie belangrike groep in die USB-familie.”

'n Spesiale 50-jaar-uitgawe van *USB Agenda* word vir vroeg in 2014 beplan. Alumni se onthou-jy-nog-stories, foto's en gedenkwaardighede sal hiervoor gebruik word en ook beskikbaar gestel word op die USB se webwerf. **a**



Prof Willie Hamman

WAT SÊ 'N OUD-STUDENT ÉN OUD-DOSENT?

Prof Willie Hamman was van 1964 tot 1965 'n student in die USB se heel eerste deeltydse MBA-klas. Hy het sy eerste klas as USB-dosent in 1972 gegee en in 2002 ná 30 jaar hier afgetree. Maar hy het steeds 'n kantoor in die USB-gebou en is nog as studieleier by studente betrokke.

Sy beste oomblikke by die USB? “Ongetwyfeld die ekstra klasse (in Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur) wat ek op 'n Saterdagmiddag gegee het. Die studente wat wou kom, het gekom. Met dié klasse kon 'n mens agterkom wat jy in die week verkeerd gedoen het. Ek het twee of drie keer vroe gekry wat my terug laat gaan het na my notas en ek kon goed ontwikkel as gevolg van die vroe wat uit daai klasse gekom het,” vertel hy.

Volgens hom is die grootste skuif wat die USB die afgelope byna 50 jaar gemaak het die studentetalle wat aansienlik toegeneem het.

“Ek wens die USB alle sterkte toe. En ook sterkte met die USB se navorsingsgedeelte.”



DEEL JOU USB-HERINNERINGE

Die USB versoek alumni om hul stories, staaltjies en foto's van die afgelope 50 jaar per e-pos aan te stuur na usb50@usb.ac.za. Alumni wie se kontakbesonderhede verander het, word ook versoek om dit na hierdie adres aan te stuur sodat almal ingelig gehou kan word. Die bestuurskool sien daarna uit om weer van al sy alumni te hoor!